


Prosesvloei: Aanstelling van 'n Viserektor



Bladsy 1

SENAAT
Die SAK lê die finale kortlys, met opmerkings en vergesel van die kandidate se visiestellings en curricula vitae, aan die Senaat voor.

INSTITUSIONELE FORUM (IF)
Die SAK lê die finale kortlys, met opmerkings en vergesel van die kandidate se visiestellings en curricula vitae, aan die IF voor.

VERGADERING VAN DIE SENAAT EN IF
Die Raadsvoorsitter tree as voorsitter op.
Die Raadslede en SAK-lede word ook uitgenooi om hierdie vergadering by te woon – as waarnemers.

Kandidate op die finale kortlys, moet hulle visiestellings voorlê.
Die Senaat en die IF stem slegs oor hulle voorkeur.

Die Raad mag, indien die behoefte bestaan, onderhoude met die kandidate voer.

- Die SAK lê die onderstaande aan die Raad voor:
1. die SAK se aanbevelingsrapport;
 2. die geskikte kandidate se name, in alfabetiese volgorde;
 3. die geskikte kandidate se curricula vitae;
 4. die geskikte kandidate se visiestellings;
 5. die Senaat se aangewese voorkeurkandidaat; en
 6. die IF se aangewese voorkeurkandidaat.

Die Raad besluit finaal oor die aanstelling van 'n Viserektor by wyse van die meerderheidstem van die Raadslede wat aanwesig en stemgeregtig is.